

8 April

**Skrifgedeelte: Romeine 10:9-17**  
**Fokusgedeelte: Romeine 10:9,17**  
**HK, Vraag 98**

**Glo met die hart en bely met die mond**

Hoe uitdruklik sê die Here nie vir ons nie (Rom 10:17): Die geloof is uit die gehoor. Maar in vandag se moderne tyd het ons mense geword wat al hoe meer lievers “sien” as “hoor”. In ’n groot mate voer die “sien”-aspek die botoon in die moderne media. As ons iets nie kan sien nie, dan glo ons dit eenvoudig nie sommer nie. Is dit hoekom daar só ’n behoefte is aan films oor die Bybel? Die Woord is nie meer genoeg nie! In ’n sekere sin was dit vroeër nie anders nie; ons almal weet van die dissipel Thomas se huiwering om aan die opstanding te glo alvorens hy Jesus nie self gesien het nie. Dat geloof – en dit geld ook vir die geloof aan Jesus se opstanding – egter nie ’n saak van “sien” is nie lees ons in Romeine 10:9-17. Maar dan moet die prediking wat ons hoor die verkondiging (Woord) van Christus wees (Rom 10:17). Dit sluit aan by dit wat Paulus vantevore aan die gemeente van Korinte geskryf het (1 Kor 2:2): “Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.”

Wat ’n troos! Dat ons nie na mensgemaakte beelde of films of prente hoef te gryp nie, ook nie na mensgemaakte praatjies of sielkundige lesings in die kerk nie; ja, dat ons slegs hoef vas te hou aan die Woord van God, die beloftes van Christus, die Woord waarmee die Heilige Gees die geloof werk. Glo dit en bely dit (Rom 10:9)! Sy Woord is lewendig! En sy lewende Woord gee lewe, vir ewig.

*Sing: Psalm 105:5 (1937)*

*Dr. VE d'Assonville (Colesberg en Philipstown)*

~~~~~